


# Huurkontrak vir Privaat Inwoners (2023)

## 1. Besonderhede van Huurder:

Volle voorname: ____________________________________________

Noemnaam: ____________________________________________

Van: ____________________________________________

Geboortedatum: ____________________________________________

ID. Nommer: ____________________________________________

Telefoonnommers: Werk: ______________________________

Huis: ______________________________

Selfoon: ______________________________

E-posadres: ________________________________________

Werkgewer: ________________________________________

Werksadres : ________________________________________

________________________________________

________________________________________

Ander kontakpersoon: ________________________________________

Verwantskap: ________________________________________

Telefoon of Selfoonnommer: ____________________________________




2. **Die huurder verbind hom/haar tot die volgende:**

a. Om een maand se huur (maand fooi) te betaal as **deposito (nuwe huurders)** by die ondertekening van die eerste huurkontrak. Die deposito is terugbetaalbaar indien daar nie enige skade in die vertrek was wat herstel moet word nie en die huurder ook geen ander skade aangerig het in die gebou of perseel nie. Geen toegang tot die perseel sal gegee word alvorens die deposito en die eerste maand se huur nie ten volle vereffen is nie.
b. Die huurbedrag van **R2423 (enkelkamer) of R3150 (dubbelkamer) R3600 (groepkamer) per maand** is maandeliks **vooruitbetaalbaar** (voor of op die 30 ste dag van elke maand). Versuim om betyds te betaal kan tot onmiddellike kansellasie van die ooreenkoms lei.
c. Etes is beskikbaar vanaf die kombuis op ‘n vooraf besprekings-basis en daarvoor sal ‘n spyskaart met pryse beskikbaar wees.
d. Geen huurders word toegelaat in die kombuis nie.
e. Geen kos mag in kamers voorberei word nie. Slegs ’n mikrogolfoond, ketel en klein yskas word toegelaat.
f. **Om minstens ‘n maand skriftelik kennis te gee** van sy/haar voorneme om nie meer in HUIS ELOFF te bly nie.
**g.** Die Bestuur van HUIS ELOFF mag ook die huurder een maand skriftelike kennis gee om die kamer te ontruim en die koshuis te verlaat. By wanbetaling van huur of enige ander vorm van kontrakbreuk is daar egter geen kennisgewing termyn ter sprake nie en kan die huurder versoek word om dadelik die kamer te ontruim en die koshuis te verlaat. **Kamer-inspeksie word eerste Woensdag van elke maand gedoen.**
h. Om hom/haar aan die reëls vir huurders te onderwerp waarvan ‘n afskrif hierby aangeheg word.
i. Geen harde musiek of lawaai word toegelaat in die koshuis nie.
j. Rook in die gebou is VERBODE. U moet buite die gebou rook asb. en u word versoek om u sigaretstompies in die asdromme te gooi.
**k. Die Verhuurder / Laerskool Bredasdorp / Die skool se Beheerliggaam / enige werknemers of agente van die voormelde instansies en of hul kontrakteurs aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van huurders nie, hoe dit ook al veroorsaak word en sal ook nie aanspreeklikheid opdoen vir beserings / skade opgedoen deur die huurder , gaste en / of besoekers van die huurder of enige ander persoon wat toegang tot die perseel verkry het deur die regte van die huurder nie.**
l. Die huurder is verantwoordelik vir die skoonmaak van die kamer. Indien u verlang dat u kamer skoongemaak moet word teen die voorgestelde tarief (R100) kan reëlings hiervoor met Bestuur getref word. Dinsdae en Donderdae is skoonmaak dae.
m. Die huurder mag geen veranderinge in die vertrek aanbring sonder die vooraf verkreë toestemming van die verhuurder nie.
n. Indien ‘n gas / besoeker in u kamer oorslaap, moet Bestuur vooraf daarvan in kennis gestel word. Kinders van die huurder kan oorslaap vir ‘n maksimum periode van 2 aaneenlopende aande. Volwasse besoekers mag oorslaap teen ‘n tarief van R100 p/p per nag. Geen ongetroude metgeselle mag in die week in die privaat kamers oorslaap nie – bykomende kamers kan gehuur word vir hierdie doel.
o. Alle veiligheidshekke moet ten alle tye gesluit bly.




p. **Indien u 'n borg het om te help om u verblyf te betaal, is die ooreenkoms tussen u en die borg en het die HUIS ELOFF geen verantwoordelikheid om die fondse in te samel nie.**
q. Versekering van koshuiskamer-inhoud bly die verantwoordelikheid van die huurder.
r.

s. Huurtydperk van hierdie kontrak is ..........................................................**2022__** tot ______________________**202__**.

Baie dankie vir u samewerking.

Geteken te ________Bredasdorp_________ op die _________________ dag van

202__ vir die huur van 'n enkelkamer / dubbelkamer./ Groepkamer (Omkring die regte opsie)

________________________________ ______________________________________

HUURDER VERHUURDER

**<u>Bankbesonderhede:</u>**
Huis ELOFF
ABSA –Tjekrekening
Bredasdorp Takkode: 334412.
Rekeningnommer: **1780143475.**
*Gebruik u naam as verwysing. SMS asb. na* ***082 325 9379***




30 Park Street, Bredasdorp, 7280
Phone: Wally Adendorf – 082 325 9379
Email: jadendorf@lbps.co.za

## Algemene Inligting

- Bring eie beddegoed, paslaken en handdoek.
- Geen verantwoordelikheid vir besoekers se besittings word aanvaar nie.
- Braaigeriewe is beskikbaar, maar u moet dit vooraf reël indien u dit wil gebruik.
- Geen onderdakparkering is beskikbaar nie.
- Oornagverblyf is slegs vir betaalde gaste.
- Laat asb. die badkamers skoon na gebruik.
- Geen toestel of toerusting mag uit 'n vertrek verwyder word nie.
- U is verantwoordelik vir enige skade veroorsaak deur nalatigheid aan u kant.
- Rook in die koshuis is verbode.
- Geen kos voorbereiding word in die kamers toegelaat nie. Reëling vir kombuisgebruik kan met bestuur getref word.
- Kamers moet teen 10:00 ontruim wees die dag waarop u vertrek.
- Geen spelery in gange nie.
- Geen rolskaatse in koshuis en gange nie.
- Geen nat klere in kamers. Daar is wasgoedlyne beskikbaar. U is self verantwoordelik om dit weer van die lyne af te haal.
- Gebruik asseblief water en ligte spaarsamig.
- Meld enige-iets wat breek by die huisouers aan.
- Geen rondskuiwery van meubels in koshuis nie.
- Gebruik vullis dromme en hou terrein skoon.
- Respekteer alle eiendom binne en buite koshuis.
- Geen harde musiek nie.
- Na afloop van een-maand kennis word deposito elektronies terugbetaal indien kamer-inspeksie voltooid is en u sleutel + afstandbeheer ingehandig is. Dit is egter belangrik dat u 'n maand kennis moet gee. Dit moet skriftelik gedoen word en gerig word aan Huis Eloff Koshuisbestuur.

**ONS VERWELKOM U BY HUIS ELOFF EN VERTROU U GAAN U VERBLYF HIER SAAM MET ONS GENIET**

Byvoorbaat dankie

__________________________

JOHANNES ADENDORF
**HUIS ELOFF:** Toesighouer